| 24 Januarie | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 26 JANUARIE SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Heinrich Carstens | Ds. Kirsten Small | Ds. Leopold van Huyssteen |
| Lukas 4:14-22 | Lukas 4:14-21 | Lukas 4:14-30 |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN


LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA




DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Herken jy vir  in my?

Dis die goeie nuus en die fokus op ons roepingspad
Lukas 4:14-22

26 Januarie 2025
Hangklipkerk @ 09:00
Pillansiaweg, Bettysbaai
Heinrich Carstens




## VERLOSSING

### LUKAS 4:14-30

Erediens: Kleinmondkerk
4 de Laan Kleinmond
9h30

**26 Januarie 2025**

**Prediker: Leopold van Huyssteen**



Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die CAVA. Op 2 Februarie is dit vir die gemeente se **Arbeidsbediening.**

**Die gereelde Biduurbyeenkoms by Kleinmondkerk vind elke Dinsdag om 16:30 in die Kapel plaas. Kom geniet 'n uur van ware koinonia voor die troon van ons Koning. Nuwe gesigte sal só welkom wees!**

**CAVA – Christian Audio Visual Action**

CAVA is 'n inspirerende organisasie in ons buurland Zimbabwe. In baie moeilike omstandighede gaan hulle voort om deur die geskrewe woord en klankopnames Christelike lektuur te versprei en opleiding te gee. Hulle lei voortdurend pastore op en doen geestelike werk onder gevangenes.

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Maandag 27 Januarie** | **17:30** | Diensverhoudinge |
| **Dinsdag 28 Januarie** | **09:00** | Gebedsgroep Hangklip |
| | **14:00** | KK&K |
| | **16:30** | Gebedsgroep Kleinmond |
| **Woensdag 29 Januarie** | **10:00** | Kerkkantoor in Hangklip |
| | **17:30** | Familiebediening |
| **Donderdag 30 Januarie** | **06:00** | Mannegroep Hangklip |
| | **10:00** | Diens van Barmhartigheid |
| **Vrydag 31 Januarie** | **05:55** | Mannegroep Kleinmond |

## Innige simpatie aan..

*Celie de Wet (PB) met die afsterwe van Ds. Ben de Wet.*
*Mario & Melize Tait met afsterwe van Petra van Wyk (Sa1).*
*Martin Snyman (KP) en familie met die afsterwe van sy broer.*
*Charmaine Coetzer (KB1) en seuns met die afsterwe van Werner.*

## Gedenkdienste:

*Petra van Wyk - DV Vrydag 24 Januarie om 11:00 by Kleinmondkerk.*
*Ds. Ben de Wet - DV Saterdag 25 Januarie om 10:00 by Hangklipkerk.*

## SATERDAG
## 8 FEBRUARIE
## 08:00

Ons benodig hulp met die opruim en skoonmaak van die verskillende stoorruimtes by die Kerksaal.
Indien jy beskikbaar is en bereid is om te help - sien ons jou daar!

***Vele hande maak ligte werk.***





## Kleinmondkerk Eredienshelpers

Ons benodig vrywilligers om te help by die erediens met die verwelkoming van  lidmate by die deure, uitdeel van die Kerkklok en opneem van offergawes.
Skakel die Kerkkantoor as jy graag wil deel wees van die span

## Besprekings

Kontak vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470) vir enige **besprekings** vir die Kerksaal, Kerkgebou of Gemeentesentrum.

## Ons leraars se kontakbesonderhede


**Ds. Heinrich Carstens**
*083 566 1490*
heinrich@ngkogelberg.co.za

**Ds. Leopold van Huyssteen**
082 707 0676
leopold2493@gmail.com

**Ds. Kirsten Small**
*079 296 2431*
kirsten@ngkogelberg.co.za




*Diens van Barmhartigheid het dringend nuwe lede nodig om te help met ons verskillende projekte. Ons **vergader 30 Januarie om 10.00 in die Kuierruimte by Kleinmondkerk** en nooi almal uit wat belangstel. Ons hou 4 vergaderings per jaar en projekleiers sal soos in die verlede voortgaan met hul programme. Besluit solank waar jy wil inskakel.*

***Diens aan Huisgebondenes***

***Caritas (kospakkie -projek)***

***Toebroodjie-projek (Laerskool Kleinmond)***

***Kinderhuis***

***Brei-projek***

***Funksie vir Tagtigers***

***Week van Welwillendheid***

***Omgee-boetiek***

*LW: die Omgee-boetiek is 'n projek van die Diens van Barmhartigheid maar Oom Petrus se Winkel is Fynbos se projek. Kontak gerus vir Corrie Hugo vir navrae – 0848775356*



## Omgee-boetiek

*Besoek ons gerus en kom snuffel tussen die pragtige uitrustings wat op die rakke is. **Maandae & Vrydae tussen 10:00 en 12:00.** Alle fondse word vir Diens van Barmhartigheid se aksies aangewend.*

# *Laat julle lig só skyn... Getuienisaksie*

## Die evangelie vir die miljoene in Indië

Pastoor Bruce van Eeden van Hanover Park vir wie ons gemeente ondersteun in sy werk vir Ten Forty Outreach, werk reeds vir dekades in Indië – verkondig die evangelie, stig kerke en lei kerkleiers op.

Sy nuus nou is dat die wêreld se grootste godsdienstige byeenkoms, die Hindoe-fees *Kumbh Mela* ("samekoms by die water, die nektar van onsterflikheid"), in Januarie plaasvind. Honderde miljoene neem deel om in riviere gewas te word van hulle oortredings ("foute"). Mense wie se verstand verblind is en dus nie die lig van die evangelie kan sien nie, sê Bruce (2 Kor 4:4).



Juis nou gaan hy Indië toe om by 7 saamtrekke van Christene uit stamgroepe en by 6 uitreike in Hindoe-dorpe die evangelie van Jesus te verkondig. Duisende Christene en nie-Christene woon dit by.

Daarná bly hy oor in Mombasa, Kenia, vir Christen-saamtrekke en opleiding van pastore.

Die koste van dié uitreike bedra R80 000. Bruce nooi dus gelowiges wat deur dié evangelie-projek geraak word om dit te ondersteun.

**Geloofsoffers:** Ten Forty Outreach is een van 4 organisasies, in SA en wêreldwyd, wat die evangelie aan Hindoes bring en deur ons gemeente ondersteun word. Dit word gedoen deur die maandelikse geloofsoffers vir sending (ons vrywillige offers sonder dat dankoffers prysgegee word). (Meer inligting: Nellie Snyman, 082 855 2408, of Esther Pretorius, 082 786 3100).

*Laat julle lig só skyn… Getuienisaksie*

# Kogelberg-gemeente se hand uitsteek na die gemeenskap

Gemeentelede is in November verlede jaar gevra om geleenthede aan te gryp om met individue/groepe/organisasies in ons gemeenskap te gesels. Die doel was om te probeer peil watter behoeftes daar is, watter hulpbronne of aksies reeds bestaan, en waar ons as gemeente betrokke kan raak.

'n Vraelysie is by eredienste uitgedeel om riglyne vir dié soort gesprekke te gee.

Hieronder is voorbeelde van die terugvoer wat ontvang is. Ons deel dit op hierdie manier om meer lidmate aan te moedig om voort te gaan met sulke gesprekke. (Afskrifte van die vraelysie is beskikbaar.) Om ook ná so 'n gesprek in enkele paragrawe terugvoer te gee deur 'n opsomming daarvan in die kollektesakkies te gooi.

- 'n Gesprek met 'n tuinier is soos volg opgesom: Hy is al 10 jaar hier, kom van die Oos-Kaap, 'n gebied waar daar grootliks Sotho gepraat word. Hy het vaste werk op drie dae van die week. Hy wens hy kan meer dae per week werk. Sy vrou woon saam met hom in Kleinmond, in 'n "tweevertrek-hokkie". Hulle het 2 dogters, 10 en 5 jaar oud – in die Oos-Kaap. Hy wens hulle kan vir Kersfees Oos-Kaap toe gaan na sy ma en hulle kinders, maar die taxi kos R950 en sy geld is min. Hy wil graag onderhoud aan sy huis gaan doen. Nog 'n wens is om 'n fiets te hê sodat hy werk toe kan ry in plaas daarvan om 'n deel van sy dagloon aan 'n taxi af te staan. Hy/hulle gaan Sondae na die St. Johnskerk waar die vroue blou en wit dra, en die mans swart en wit.
- 'n Lid van 'n klein groepie dames wat omgee en ondersteuning aan die personeel en kinders van die Kleinmond-kinderhuis vir dogters en die Bambanani-babahuis bied, het met personeellede daar gesels: Hulle doen goeie werk, maar het hulp nodig om hulle taak gedoen te kry. Hulle ontvang subsidie van die staat, maar dit is nie genoeg om alles te voorsien wat vir die versorging van die kinders nodig is nie. Wat hier uitstaan, is dat daar nie net in die kinders se fisiese behoeftes voorsien word nie. Geestelike ondersteuning is net so belangrik en is van groot waarde vir die kinders. Nog 'n indruk wat die besoek by haar gelaat het, is dat die personeel dankbaar is teenoor die gemeenskap vir hulle ondersteuning aan die kinderhuis en babahuis. Omgekeerd waardeer die gemeenskap ook dit wat die personeel vir die kinders doen. Sy het God gesien werk in Sy liefde wat ons dryf om omgeeharte te hê. Sy sien ook hoe die Vader ons lei om betrokke te raak waar Hy dit wil hê.

- Een Hangklip-lidmaat het op pad gesels met ‘n vrou wat met haar baba van Kleinmond na Hangkliphotel geryloop het. Sy het vroeg in haar lewe Kleinmond toe gekom – net voor sy begin skoolgaan het. Omdat sy haar hele skoolloopbaan saam met ander kinders was, is sy nie as buitestaander beskou nie. Sy het matriek hier geslaag. Sy woon nou met haar baba, 4 maande oud, in Kleinmond – in ‘n eenkamerplekkie sonder vensters. Daar is ‘n bed vir haar en die baba. Die pa van die baba het tydens haar swangerskap verdwyn. Sy werk op Saterdae en Sondae as algemene assistent by Hangklip-hotel waar sy veral hoop om fooitjies te kry. Haar ma werk meer dae daar. Sy en haar baba slaap Vrydae en Saterdae daar by haar ma oor. Haar behoeftes is ‘n geskikte blyplek en werkgeleentheid sodat sy met dié inkomste vir haar baba kan sorg. Sy het ‘n gebed vir haar waardeer.
- Nog ‘n Hangklip-lidmaat het met ‘n kassier by Spar op Kleinmond gesels. Sy kon sien dié jong vrou was al moeg, maar het met ‘n groot glimlag teruggegroet. Die glimlag het groter geword toe ons lidmaat sê sy is bly die kassiere is daar om haar by die betaalpunt te help, dat dit waardevolle werk is wat sy doen. Toe vra sy die jong vrou hoe sy dit hanteer as mense ongeskik en ongeduldig is.

Dit het ‘n heerlike gesprek geword wat hierdie persoon graag wil voortsit as sy weer Spar toe gaan, want daar was toe te min tyd. Die kassiere is ‘n jong meisie, sy werk lang ure, maar het ‘n diensbare en blymoedige gees. Die insigte wat ons lidmaat daar gekry het, was dat elke mens ‘n eie storie en omstandighede het, en ons moet moeite doen om respek en waardering vir almal te wys, om die persoon as mens raak te sien. Die glimlag van die jong meisie agter die toonbank was vir ons lidmaat ‘n seën. Net so moet ons “kindness” en opbouende woorde in mense se lewens saai. Sy het dié jong meisie se naam gevra, want sy wil haar beter leer ken, haar lewensstorie en drome hoor, sy wil haar graag bemoedig, leiding gee, inspireer. Waar sy God sien werk het, is in die besef wat sy weer gehad het: dat ons op eenvoudige maniere lig en sout vir ander kan wees.

As laaste gedagte gedagte sê sy: “Laat ons daarom saai in ander se lewens, met ons glimlag, ons woorde, ons gesindheid, ons belangstelling in hulle as mense – dit kan uitloop op dieper gesprekke.”

***Wil jy dit nie oorweeg om ook so 'n gesprek met iemand te voer nie? Gaan gesels - alleen of saam met iemand - met 'n persoon wat jy/julle nie ken nie. Hierdie terugvoer gaan ons help om te onderskei waar die Heilige Gees wil hê dat ons as gemeente groter diens kan lewer in die gemeenskap en so ook ons verhoudinge in die gemeenskap al dieper kan vestig. Gebruik die vorm beskikbaar by die eredienste om vir ons terugvoer te gee. Ons waardeer jou moeite en tyd.***

# Veelsydige mens laat vele monumente na

Fanie Krige

PRINGLEBAAI – Na 'n dapper stryd teen maagkanker is ds Ben de Wet, wat al sowat twintig jaar saam met sy vrou, Cecilia, hier afgetree was, Vrydagmiddag (17 Januarie 2025) oorlede. Celie was by hom en vertel dat hy vreedsaam heen is. Hy het pas tevore nog 'n telefoongesprek met een van sy dogters en skoonseun gevoer.

Ben het sy loopbaan as jong predikant in die Harmonie-stadsgemeente in Sunnyside begin. Daarna was hy predikant by Kuilsrivier, Tygerberg Hospitaal-studente, en personeel en Lynnwood-gemeentes. Hy het vir 'n tyd uit die bediening getree om "die regte wêreld" te ervaar. Hy het 'n meubelfabriek saam met sy swaer Wiets Roets (ook 'n dominee) bestuur en later ook 'n sampioenplaas gehad. Hy is later terug bediening toe by die Harmonie-gemeente in Kimberley wat 'n vol sirkel was, met 'n begin en einde by Harmonie.

Toe Ben as predikant aftree, het hy allermins stilgesit. Om die waarheid te sê, het hy homself as bouer van formaat bewys deur verskeie woonhuise, 'n winkelkompleks en die NG Hangklipkerk op Bettysbaai gestalte te gee. Self het Ben menigmaal op die preekstoel geklim en daar was altyd groot waardering vir sy briljante insigte en kosbare waarde van sy boodskappe.

Eintlik was Ben nog vuur en vlam om weer binnekort sy plek voor in die kerk in te neem om sy kleindogter Beni in die huwelik te bevestig. Die preek is reeds uitgewerk en gaan steeds net so gelewer word.

Reeds as 'n jong predikant het hy sy kreatiwiteit en handvaardigheid op sy afdag (Vrydae) uitgeleef deur kunstige meubelstukke in sy motorhuis op te tower. Toe sy drie dogtertjies destyds met groot ywer saam met hul pa wou werk, het hy vir elkeen haar eie hamertjie gekoop wat 'n treffergedagte was. Behalwe die hamertjies het hy hulle geduldig toegelaat om met sy kosbare toerusting te werk. Hul hande staan steeds vir niks verkeerd nie. Seker die kroon van Ben se skeppingsvernuf was die messe wat hy tuis vervaardig het en later op bestelling verkoop of as geskenke weggegee het. Hy het ook vir 'n hele paar mense onder andere sy eie kleinseuns leer messe maak.

Baie van die boodskappe wat die gesin ontvang het, verwys na wyshede wat Ben gedeel het en almal sal sy grappies en humorsin onthou. Hy het 'n besondere hegte band met sy vrou, Celie, drie dogters, Esta, Antia en Erna, sy kleinkinders Beni en John Cawood, Tobi en Celia Calitz, en Jac en Sofie de Villiers en sy skoonseuns Laubscher Calitz, Etienne Cawood en Jacques de Villiers gehad. Esta-hulle bly in Pretoria, Antia-hulle in McGregor en Erna-hulle in Kaapstad.

'n Gedenkdiens word Saterdag 25 Januarie 2025 om 10:00 in die Hangklipkerk, Pillansiaweg, Bettysbaai vir Ben gehou.



**Barend Petrus de Wet (4 Maart 1942 – 17 Jan 2025)**



**Wêreldvleilanddag: 2 Februarie 2025**

Vleilanddag word jaarliks wêreldwyd op 2 Februarie gevier om die belangrikheid van vleilande te beklemtoon. Vleilande speel 'n belangrike rol om water op te gaar, water te suiwer, vloede te beheer en is 'n belangrike habitat vir 'n ryk verskeidenheid voëls, diere, visse en plante. Dit is een van die mees bedreigde habitatte, meer as 50% van Suid-Afrika se vleilande is reeds vernietig.

Ons is bevoorreg om in die Kleinmond- Botriviervleiland een van die 10 belangrikste kusvleilande in Suid-Afrika te hê wat ook beskerming onder die Ramsarkonfensie geniet. Hier is al 41 visspesies opgeteken waarvan 19 afhanklik is van riviermondings om hulle lewenssiklus te voltooi. Ons vleiland dien as belangrike broeiplek en voedingsbron vir die visbevolking vanaf Kaap Agulhas in die Ooste tot by Kaappunt in die Weste.
Om ons deel tot die dag by te dra gaan ons ***Saterdag 1 Februarie vanaf 08:30 die strandmeer en omgewing skoonmaak.***

# Arbeidsbediening

...Iets om oor na te dink:
8 vrywilligers kan 12 besighede bedien. Waar al hoe meer werkers meertalig is, skep dit 'n probleem om hierdie werk voort te sit. Lidmate wat werkgewers of bestuurders is, of wat self mense tuis in diens neem, word aangemoedig om hul werkers met die evangelie te bedien, deur werkers aan te spoor om Bybelse beginsels in hulle werk uit te leef en in Kogelberg 'n verskil te maak. Geen godsdiens het 'n groter bydrae in die wêreld van werk gemaak as die Christendom nie. Wanneer ons Sondae die uitstaplied sing, onderneem ons tog om die evangelie uit te dra in ons daaglikse lewe.

# EKO-NUUS

Liewe vriende.

Almal word hartlik uitgenooi na ons volgende skoonmaak-aksie op DV Saterdag 1 Feb om 8:30 by die strandmeer, ontspanningsarea en die kanaal. Ons kom bymekaar op die parkeerarea by die strandmeer. Sakke, handskoenne en steekpenne word verskaf.

Onthou: As rentmeesters van die aarde (en Kleinmond-gebied) het ons die verantwoordelikheid om te herstel en te herbou. Ons het nie ons omgewing van ons voorouers geërf nie, dis aan ons geleen deur ons kinders.

Hoop om almal daar te sien vir 'n lekker groot eerste skoonmaak vir die jaar!

Kontak my gerus vir enige verdere inligting - 082 840 8148




**Kom help asb. om ons omgewing skoon te hou!**

**Saterdag, 1 Februarie 2025**

Ons maak Saterdag die **STRANDMEER en OMGEWING** skoon.

Die teikengebied is die strandmeer, die ontspanningsarea en die kanaal.

Datum & tyd: **Saterdag, 1 Feb. 2025** om **8.30 – 10.00**

**Plek**: Ons ontmoet mekaar op die parkeerarea by die **STRANDMEER**.

Ons voorsien sakke, handskoene en penne.
As jy handskoene en waterskoene het, bring asb. saam.

Vir navrae kontak Carlo van Rensburg by 082 840 8148.

# BUITELUGDIENS SNOER HARTE SAAM

'n Baie besonderse gees van samehorigheid en harmonie het verlede Sondag geheers onder lidmate van die NG Gemeente Kogelberg toe een gesamentlike erediens onder die blou hemel by die Disakloof-Jeugkampterrein op Bettysbaai gehou is.

Met opvoustoele en piekniekmandjies vir tee en koffie ná die diens het kerkgangers van die Kleinmondkerk, die Kuierkerk en die Hangklipkerk opgedaag. Selfone is byderhand gehou vir die woorde van die liedere wat gesing sou word.

Op 'n effense hoogtetjie het die musiekgroep en ds. Heinrich Carstens plaasgeneem.
Die tema van die preek was 'Die heerlikheid van nuwe wyn' en ds. Heinrich het Johannes 2:1-12 voorgelees. Jesus se eerste wonderwerk waaroor die Bybel berig, die verandering van 'n groot hoeveelheid water in uiters góéie wyn by 'n bruilofsfees, het 'n mens opnuut met verwondering en ontsag gevul.

Om 'n slag een gesamentlike aanbiddingsgeleentheid te hê, veral aan die begin van 'n nuwe jaar, het opnuut die heilsaamheid en vreugde van eensgesindheid in Christus bevestig.

Lisel Krige







# Gesamentlike Erediens
# 19 Januarie 2025
# Disakloof Kampterrein



















Gemeente-kuier & -piekniek
19 Januarie 2025
Disakloof Kampterrein





# KERKKANTOOR
## ure

| | |
|---|---|
| MAANDAG | 10:00 - 13:00 |
| DINSDAG | 10:00 - 13:00 |
| WOENSDAG | 10:00 - 13:00 |
| | 16:00 - 18:00 |
| DONDERDAG | 10:00 - 13:00 |
| VRYDAG | GESLUIT |

## KONTAKBESONDERHEDE

***Bedieningsbestuurder: Joke Venter***

028 271 3470 info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

***Saakgelastigde: Elizna Hogan***

028 271 3268 fin@ngkogelberg.co.za

***Koster: Danie de Vaal***

083 670 4290

# Verjaarsdae

## 25 Januarie

*Judy Gunther (BB1A)*
*Paul Jordaan 083 632 8808 (Ba1)*
*Julian Maree 082 853 1337 (BB3)*
*Sanet Martin 082 669 0444 (Ba1)*
*Piet Nel 083 614 9502 (Ba1)*
*Hannes Nieuwoudt 084 699 8363 (HK1)*
*Dedré Singleton 076 253 8833 (Bb 2)*

## 26 Januarie

*Ester Botha 083 285 1321 (PB2a)*
*Coenie Groenewald 082 834 2128 (Ba2)*
*Pierre Groenewald 073 190 2275 (Sb2)*
*Gerrit Hyman 072 406 6322 (Sb4)*
*Michael Hyman 072 333 2804 (KB1)*
*Marita Jacobs 084 586 0103 (Sb2)*
*Dimsie Krone 063 840 5258 (KP1)*
*Juan Loots (BB4)*
*Annalet Venter (HK3)*

## 27 Januarie

*Rita Ehlers 072 133 5003 (Bb 3)*

## 28 Januarie

*Marietjie Biggs 083 409 5085 (BB1B)*
*Magda Hattingh 082 650 5604 (HK2)*
*Ria Hugo 072 235 4767 (KB2)*
*Bertha Nothnagel 084 724 1279 (PM1)*
*Albie Smith 072 267 2132 (KB5)*
*Jan van der Mescht 083 288 4977 (Sa1)*

# Veels Geluk!

## 29 Januarie

*Douwlina Boshoff 083 629 6550 (Bb 4)*
*Elsa Kok 072 904 5440 KB5)*
*Pauline Kruger 082 921 0338 (Bb 4)*
*Anna Olivier 082 595 6722 (BB1B)*
*Jan van Wyk 084 708 8483 (Ba1)*

## 30 Januarie

*Mienke Boonzaaier (KB1)*
*Ilze de Haan 083 579 1441 (BB3)*
*Maretha du Toit 071 182 9943 (KP2)*
*Sarina Jordaan 083 632 8808 (Ba1*
*Christo Kok 083 257 8843 (Sc3)*
*Maryna Loubser 084 548 2864 (Sb1)*
*Lorna Myburgh 084 603 6137 (HK1)*
*Anna van Zyl 082 466 8615 (KP2)*

## 31 Januarie

*Van Zyl Brink 074 966 1462 (Ba1)*
*Hannelie Coetzee 082 550 5755 (BB3)*
*Hoffie Conradie 082 855 7568 (PM3)*
*Hannatjie de Villiers 082 416 3318 (HK3)*
*Kayla Els (PB2a)*
*Soekie Goosen 082 464 0020 (HK1)*

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

GESPREKSBLAD VIR GROEPE
SONDAG 26 JANUARIE 2025



# Herken jy vir [illegible]... in my?

Lukas 4:14-22

1. **Gesels bietjie saam...**
   - Wat is die beste nuus wat jy hierdie jaar gekry het?
   - Wanneer was die laaste keer toe iets of iemand jou verras het met iets opwindend?

2. **Ons storie nou...**
   - Hoekom het Jesus 'n mens geword en op aarde gebly en gewerk?
   - Wat was Jesus se belangrikste boodskap aan mense?

3. **God se storie...**
   - Lees nou weer die teksgedeelte van Lukas 4:14-30 eenmaal rustig saam deur en lees dan weer Lukas 4:14-22 saam waarop ons hierdie week fokus.
   - Hierdie is Jesus se eerste preek (publieke optrede). Lees ook Lukas 3:21,22 saam met Lukas 4:14. Wat leer ons oor die werk wat Jesus doen / manier waarop Hy werk?
   - Jesus verwys na Jesaja 61:1-2 - maar Hy los die laaste sin oor straf van vyande uit. Hoekom dink julle doen Hy dit?
   - Wat is die 'werk' waarvoor Jesus aarde toe kom - volgens Hom?
   - Die mense was duidelik aanvanklik opgewonde oor Jesus se woorde (v 22), maar dan begin hulle tog wonder: "Is hy dan nie die seun van Josef nie?" Gesels met mekaar oor ons as mense se geneigdheid om God nie raak te sien in die gewone en bekende nie, maar eerder te soek na die buitengewone.

4. **Hoe die Bybel ons storie verander...**
   - Ken jy iemand wat nog nooit die goeie nuus, wat Jesus bring, gehoor het nie?
   - Is daar iets wat jy kan doen om seker te maak dat mense om jou die goeie nuus wat Jesus bring kan hoor / ervaar?

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes solank uit die Woord en oordink dit hierdie week met die oog op Sondag 2 Februarie se eredienste waar ons fokus op Lukas 4:22-30:

- Maandag 27 Januarie - Lukas 4:14-30
- Dinsdag 28 Januarie - Jeremia 1:4-10
- Woensdag 29 Januarie - Psalm 71:1-6
- Donderdag 30 Januarie - 1 Korintiërs 13:1-13
- Vrydag 31 Januarie - Lukas 4:22-30
- Saterdag 2 Februarie - Lukas 4:22-30

# NG Gemeente Kogelberg

ROOIELS / PRINGLEBAAI / HANGKLIP / BETTYSBAAI / KLEINMOND / ARABELLA

## Word deel van die bedieninge in ons gemeente & gemeenskap

### Eredienste

Diensbeurte
Verwelkoming
Nuwe Intrekkers
Musiekbediening
Oudiovisuele
Koffiegroep
Versiering
Gasvryheid

### Kleingroepe

Bybelstudie
Vrouebybelstudie
Hangklip Mannegroep
Kleinmond Mannegroep
Vrouebediening
Agape-groep
Hangklip Tuingroep
Hangklip Biblioteekgroep

### Geloofstoerusting

Kategese
Geloofsvorming
Hangklip Bybelskool
Oggendoordenkings

### Kerkraad

Wyksouderlinge
Dienswerkers
Kommissie-voorsitters
Herders

### Barmhartigheid

Breiprojek
Caritas
Huisgebondenes
Kinderhuis
Omgee-boetiek
Pikkewyntjies
Toebroodjie-projek

### Kommissies

Eiendomme
Finansies
Kerkkantoorsake
Diens van Bramhartigheid
Getuienis
Diensverhoudinge
Kommunikasie
Arbeidsbediening

### Ekologie

Eko-bediening
Proppie-projek
Skoonmaak
Kapgroep
Strandlopers
Overberg Wildfires Volunteers
Kleinmond Natuurbewaring

### Bejaardes

Fynbos Dienssentrum
Lidmate Bo 80
Lakeside Chapel Etes

### Gebedsgroepe

Kleinmond
Hangklip
Vir Sendelinge

**Stuur jou naam & by watter bediening jy betrokke wil raak na: 076 134 7157.**